NUUSKRUMMELS

09 April 2020

Foto: **Andre Furtado** from **Pexels**

GOD STUUR 'N SKOONMAKER

*Kyk na die video op LourensrivierSeMense Facebook-blad

God werk op maniere wat ons nie verstaan nie. So word **Pastor Lee McClelland** met die Covid-19 virus in die hoësorgeenheid in Ierland opgeneem. Hy getuig as volg (verkort). "Ek was onder geweldige druk, is aan 'n drip en nog goed gekoppel....Ek het uitgeroep na die Here om hulp...gesmeek dat Hy "supernaturally" iets sal doen wat my sal motiveer om deur te druk. Ek onthou die volgende dag het ek 'n skiknag gehad...en jy moet dit verstaan – in die isolasie-eenheid, wanneer niemand anders kan inkom nie, nie 'n dominee, geen vriende, geen familie...toe niemand in die kamer toegelaat is nie...toe stuur die Here 'n skoonmaker. Hy was soos 'n sonstraal. Hy het in die gang gestaan en met my gesels en gevra hoe dit gaan. Hy het gesê ek moet vasbyt. Hy sê hy was vir 14 jaar 'n sendeling in Nigerië. Hy vertel hoe die Here baie siele deur sy sendingwerk gered het. Hy is 'n paar jaar gelede terug na Noord-Ierland. Hy vertel my van Jesus en God se liefde." Lee sê hy was verbaas. "As God jou wil bereik, weet Hy presies wie die regte persoon is om te stuur en op daardie oomblik was dit 'n skoonmaker.

"When no one else could get in...God send a cleaner."

Voor die skoonmaker groet het hy vir Lee gebid "Hy het by die deur gestaan en vir my gebid. Hy kon nie aan my raak nie. Hy het God gevra om my te besoek, om my te genees, om my longe aan te raak, hy het in die deuropening gestaan en by God gesmeek om my lewe te spaar en om voort te gaan om my te gebruik. Toe is hy weg.

Die skoonmaker sou elke keer as hy verby Lee se kamer stap, vir hom *thumbs-up* wys.

Lee vertel dat hy daai aand 'n omkeer in sy gesondheid ervaar het. "Kon dit wees weens die gebed van 'n skoonmaker?". Hy het begin beter word en sy eetlus het teruggekom. Hy het gesmag na 'n pakkie '*prawn cocktail crisps'*. "Ek het vir die Here gevra, want niemand kon by my kamer inkom nie, of dit moontlik is dat Hy vir my 'n pakkie prawn cocktail chips en 'n coke sal stuur.

Die skoonmaker het die volgende oggend na sy kamer gekom met 'n sak. In die sak was twee lemoene, 'n blikkie Coke en 'n pakkie prawn cocktail chips… "Moenie vir my sê dat God nie weet nie. God ken elke behoefte, Hy ken elke begeerte. "Hy (die skoonmaker) het die sak net so deur die deur aangegee, want hy kon nie inkom nie, en sê toe "dit is 'n geskenk van die Here af."

"God is 'n persoonlike God, Hy ken ons diepste hartsbegeertes, Hy weet wat ons nodig het. Hy is 'n ongelooflike redder. Moet nooit onderskat wat God met (vir) jou kan doen nie...Hou jou oë op Jesus en jy wat nog nie vir Jesus ken nie, ek moedig jou aan om na die hemel op te kyk en met 'n hartsbegeerte uit te roep "God wees my, 'n sondaar, genadig."

Hoop in ’n foto!

Gia van Rooyen het dié pragtige foto geneem en vir ons aangestuur. Gia is in Lourensrivier-Gemeente se Graad 2 Sondagskoolklas.
Baie dankie Gia vir die mooi foto.

Met elke sonsopkoms is daar hoop. Wanneer die son ondergaan, breek die sonstrale deur die wolke en verf die mooiste skildery vir elkeen om te sien. Dit is gratis. Verniet, soos die suurstof wat ons elke oomblik van ons lewe inasem...gratis.

Ek lees van ’n pasiënt in Italië wat asemnood gehad het en suurstof moes kry. Hy het beter geword en ‘n rekening gekry vir die een dag se suurstof gebruik. Hy het begin huil en verduidelik dat hy nie oor die rekening huil nie. Hy betaal graag die geld. Hy huil omdat hy nog altyd net kon asemhaal....en vandag besef hy dat hy nog nooit vir God daarvoor dankie gesê het nie. – Riata Nel

- ***Ons innige meegevoel met Retha Barrish en kinders met die skielike heengaan van haar man, Michael.***
- Ons bid vir ds. Petrie vir sy boodskap.
- Bid vir die medici, versorgers, ons president, ons regering, die polisie, weermag en al die mense en elke individu wat in dié tyd steeds moet werk, die boere en vragmotorbestuurders wat seker maak dat daar kos in die winkels is.
- Bid vir elke lidmaat wat alleen is in die tyd, dat hulle op God sal fokus, kontak sal hou met geliefdes.
- Bid vir elke lidmaat in die onsekere tyd.
- Bid dat God jou gesin, familie, geliefdes sal beskerm, dat Hy sy Hand oor elkeen sal hou.
- Bid dat die wêreld na God sal draai.
- Ons bid ook spesifiek vir elkeen wat siek is, wat in die hospitaal is, wat wag vir mediese toets uitslae en ook vir die wat getoets moet word en ook die wat reeds weet wat die uitslag van ‘n mediese toets is.
- Ons bid vir ons kinders. Dit is ook ‘n onsekere tyd vir hulle, nie net vir die matrieks nie, maar vir elke leerder en student.
- Ons bid vir al ons onderwysers/dosente ens. wat nou tuis klasse moet voorberei en sosiale media moet gebruik om studente en leerders te bereik.
- Ons bid ook vir predikante wat in dié uitdagende tyd op ’n nuwe manier na elke lidmaat moet uitreik.

PAASFEES
En die tyd daarna

Wat is Pase?

Pase is die hoogtepunt van die kerkjaar wanneer ons die opstanding van Jesus Christus uit die dood herdenk. Dit is byna asof die gelowiges die oorwinning met Paasfees nie genoeg kan vier nie, en daarom strek die viering van die opstanding oor 50 dae!

Die opstanding is so sentraal in die evangelie dat dit byna onmoontlik is om 'n Christen te wees en nie die opstanding te vier nie. Wie die opstanding werklik ernstig opneem, sal gou vind dat dit hier om veel meer gaan as oppervlakkige goedgelowigheid in die positiewe dinge in die lewe. Die opstandings evangelie dryf eintlik die spot met ons ongeloof en ons verkleefdheid aan die dood. Paasfees wil ons in beweging bring. Die opstanding maak ons opstandig; die opwekking maak ons opgewek (Berkhof). Na Pase kan ons nie vrede maak met lyding en ongeregtigheid wat nog stuiptrekkings van 'n bedeling sonder Christus is nie.

Wanneer vier ons Paasfees?

Paasfees kan nie losgemaak word van die kruisgebeure nie. Die vier dae wat begin met die Donderdagaand en eindig by Paassondag, kan gesien word as een onafgebroke liturgie. Tydens hierdie vier dae beleef die pelgrim 'n eksodus wat deur die dood na die nuwe lewe lei.

Op die Donderdagaand word die laaste Avondmaal herdenk, gewoonlik met die viering van die nagmaal. Goeie Vrydag is die dag waarop ons die kruisiging van Jesus Christus herdenk. Op hierdie dag word die kerke gestroop van alle versiering en simboliek. Net die beker en die bord is daar om ons te herinner aan Christus se bittere lyding. Stil Saterdag is die een dag waarop daar geen rituele voorgeskryf word nie. Op hierdie dag dink ons aan Christus in die graf en daarom is dit 'n dag van stille afwagting. Die stilte is nie sonder passie nie, maar vol gespanne afwagting op die uitkoms van Christus se worsteling met die dood. Byna soos mense wat nie meer kan wag nie, is die gebruik om in die nanag op te staan en saam te kom vir die nagwaak. In hierdie donker ure is ons bewus van die stryd, maar ook van die wonder van die opstanding. Met die eerste teken van die nuwe dag, tradisioneel die eerste hanekraai (later het dit sonsopkoms geword), breek die vreugde van die oorwinning plotseling deur met die aansteek van die Paasligte of kerse, die bediening van die doop en die bevestiging van nuwe lidmate.

Simbole, rituele en gebruike in Paastyd

Ons word oorweldig deur die wonder van die opstanding. Ons nugterheid en beredeneerdheid word getemper deur die feestelikheid. Hierdie dramatiese oomblikke word op baie maniere gesimboliseer:

- Die sentrale simbool van Paasfees en die tyd daarna is lig wat deurbreek. Die opkomende son herinner ons elke dag aan Christus se oorwinning oor die dood.
- In die tyd van die opstanding is musiek baie belangrik. Die vreugde oor die opstanding is so groot dat dit ons laat oorgaan in lofprysing.
- Hoewel die paaseier 'n kommersiële Paassimbool geword het, is die bedoeling van die versierde eiers om ons aan nuwe lewe te herinner.
- In kontras met die vas van Lydenstyd, word die oorwinning in Paastyd en veral met Paasfees gevier deur allerlei lekkernye te geniet.

- Die oorwinning is nie ‘n private aangeleentheid nie, maar ‘n openbare saak. Daarom is die gebruik om in hierdie tyd ‘n optog in die strate te hou met musiek en simbole.
- Lofliedere en trompetgeskal is in kontras met die stilte van die vorige dag.
- Ons herinner mekaar op hierdie dag met die volgende woorde aan die grootste van alle dramas: Die Heer het opgestaan, die Heer het waarlik opgestaan.
- In Paastyd word nuwe lewe gevier. Daarom is dit gebruiklik om in hierdie tyd die doop te bedien en nuwe lidmate in gemeentes te bevestig. Vir ons wat gedoop en reeds lidmate is, is dit ‘n tyd van hertoewyding.
- Ons vereenselwig ons opnuut met die drama van nuwe lewe uit die dood.
- Die reis het begin by die sondebesef en selfondersoek van Aswoensdag en eindig by die vuur van Pinkster. In die Paastyd berei ons dus ook voor om die uitstorting van die Heilige Gees te vier.

In teenstelling met die Noordelike Halfrond, is dit by ons aan die suidpunt van Afrika herfs – dit word stadigaan weer winter. Dit lyk of die bome sterf as hulle die goue blare afgooi. Vir ons kan die natuur nou eerder wys presies hoe diep ons geval het en dat ons dood was. Dan kan ons vreugde soveel groter wees wanneer ons daaraan dink dat Jesus die dood vir ons oorwin het deur op te staan uit die graf.

Kleure in Paastyd

Op Aswoensdag is die kleur grys. Vir die res van Lydenstyd word donker, aardse kleure voorgestel. Pers word dikwels in hierdie tyd gebruik, maar dit herinner ons dalk te veel aan ‘n begrafnis. Die kleure van die Groot Lydensweek en Paasnaweek is belangrik, omdat dit die dramatiese karakter van hierdie tyd onderstreep. Vanaf Palmsondag tot Donderdag voor Goeie Vrydag word ‘n dieprooi gebruik om die bloed van Christus te simboliseer.

Op Goeie Vrydag en die daaropvolgende Saterdag word geen kleure of enige versierings gebruik nie. Die weerhouding van versierings staan in kontras met die baldadigheid van die versierings en kleure wat gebruik word op Paassondag en die tyd daarna.

Bron: Oordenkings vir Lidmate

12 tot 18 April 2020

Paassondag en die week daarna.

Rus in Jeremia 31:1-6

Lees die week se fokusteks: Johannes 20:1-18

Ander tekste: Handelinge 10:34-43; Matteus 28:1-10

Die Johannes-evangelie vertel van Jesus se opstanding in twee narratiewe (Joh 20 en 21), met drie verhale in chronologiese orde. Vers 1-18, Sondagoggend: die leë graf en Jesus se verskyning aan Maria Magdalena. Vers 19-23, Sondagaand: Jesus verskyn aan die dissipels (sonder Tomas). Vers 24-31, Jesus verskyn aan Tomas en die dissipels. Johannes 20:1-18 het drie dele: (1) vers 1-2: inleiding; (2) vers 3-10: die leë graf; (3) vers 11-18: Jesus se verskyning aan Maria Magdalena. Die eerste besoek aan Jesus se graf is vroeg die oggend op die eerste dag van die week, terwyl dit nog donker was.

Maandag

Ons ontvang die opstandingsboodskap van die eerste dissipel

In die Sinoptiese Evangelies word Maria Magdalena deur ander vroue vergesel, maar in Johannes kom sy alleen. Vers 18 vertel dat sy die eerste dissipel is wat die goeie nuus van Paasfees verkondig. Maria interpreteer die klip wat van die graf weggerol is, as bewys dat iemand Jesus se liggaam gesteel het. Sy hardloop na Simon Petrus en die ander dissipels toe.

Dinsdag

Ons vier Jesus se oorwinning oor die dood

Die boodskap van Paasfees is die sentrale element van die Christelike geloof. Daarom vier ons fees. Jesus leef en ons met Hom! Die viering geskied nie by almal op dieselfde wyse nie. Die geliefde dissipel twyfel vir ‘n oomblik toe hy by die graf kom, maar Petrus, eie aan sy aard, storm na binne. Wat gebeur met jou gees by die leë graf?

Woensdag

Ons glo die getuienis van die dissipels oor die leë graf

‘n Kenmerk van die gesuurde kerk is dat ons glo in die Skepper, Verlosser en Vertrooster, wie se gesig na ons gedraai is. Die dissipels het by die graf gesien hoe God sy gesig na die wêreld toe draai. Die beskrywing van die grafdoeke dui daarop dat Jesus die dood agtergelaat het. Die geliefde dissipel het ook gesien en geglo.

Donderdag

Ons eer God

Getuienis is meer as geloofsgewoonte. Dit is ‘n wesenskenmerk van die lewe van navolging van Christus. Nietemin is dit iets wat ons moet oefen sodat getuienis ons lewe dissiplineer. Die getuienis van die gelowige dien om God te eer. Maria Magdalena het dringend gaan vertel wat sy by die graf ontdek het, sonder dat sy die betekenis daarvan kon verduidelik. Wanneer sal ons gereed wees om die Here te eer met ons getuienis?

Vrydag

Ons leer by Petrus oor die inhoud van ons getuienis

Lees Handelinge 10:34-43 saam met Johannes 20:1-18. Na Jesus se Hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag (Hand2) gee God aan Petrus taal om oor die gebeure en betekenis van die leë graf te getuig. God het Jesus op die derde dag uit die dood opgewek (Han 10:40)

Bron: Oordenkings vir Lidmate

Lourensrivier-Strand Gemeente



OORGEE OMGEE AANGEE

KERKWEES IN ’N TYD VAN CORONA-19

Ons lidmate is die kerk. Hoewel die kerkgebou se deure gesluit is, is net die gebou gesluit. Kerk is waar ons is, waar ek en jy daagliks by die Here stil raak. Ons reik nou op ‘n nuwe manier uit na ons lidmate. Ons kan as kerk in dié tyd steeds saam staan, mekaar meer as ooit ondersteun en bemoedig en vir mekaar bid.

Kantoor:
Ons kerkgebou is gesluit, maar ons is almal steeds beskikbaar. Kontak ons gerus vir enige navrae of krisis.

- Ds. Petrie 073 166 1306 e-pos: petrie@lourensrivier.co.za
- Riata 082 560 5283 e-pos: admin@lourensrivier.co.za
- Charlene 082 384 4037 e-pos: fin@lourensrivier.co.za

Eredienste:
’n Kort geestelike boodskap sal elke Vrydag voor 13:00 op Youtube, Facebook en die kerk se webblad gelaai wees.
Maandag – Vrydag manna:
Ons deel elke weeksdag ’n kort foto boodskap om te lees en te oordink, soos uit Oordenkings vir lidmate. U is welkom om dit met vriende en familie te deel.
Donderdag Nuuskrummels: Dié nuusbrief word elke Donderdag uitgestuur.
Facebook:
Ons deel ’n verskeidenheid hulpbronne vir gesinne en individue oor die virus self op Facebook, asook riglyne en idees om te sorg vir ons geestesgesondheid in uitdagende tye soos die.
Offergawes:
Die huidige situasie het, soos in soveel ander areas, ’n geweldige invloed op die gemeente se finansiële posisie. Ons is dankbaar vir gemeentelede wat ‘n debietorder het, en moedig gemeentelede aan om hulle deuroffer en bankkollekte geld te hou tot hulle weer na die kerkgebou kan kom, of om ‘n EFT te maak in die gemeente se rekening. Elke bietjie dra by tot die gemeente se volhoubaarheid. Mense kan in dié tyd ook ‘n bydra maak deur van die Zapper selfoon toepassing gebruik te maak.

Mense kan ook ’n dankoffer en bydraes vir die gemeente deur die **ZAPPER selfoon toepassing gee.**

zapper
pay with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

Hou aan bid:
Bly bid vir ons land, sy mense en regering, die medici, versorgers en elke persoon wat ’n noodsaaklike diens lewer. Ons bid ook vir elke persoon wat siek is, wat met di virus gediagnoseer is en vir die mense wat alleen is in die tyd. Weet dat ons vir julle bid en beskikbaar is waar nodig
Mag julle in hierdie tyd elke dag God se genade en nabyheid ervaar!

Groete, Petrie, Charlene, Riata en Wessel.

Om na Ds. Petrie en ds. Bas se video boodskappe te kyk, besoek gerus die webblad lourensrivier.co.za.
Wanneer die voorblad oopmaak, gaan af tot by Video Boodskappe – Kerkwees tydens Covid-19. Kliek op die video of geskrewe boodskap. Die video's is op die tuisblad van die webblad.